

GEDRAGSKODE

Vir die Direksieledede, Hoofde en Onderwysers van

PRO LIBERIS

INLEIDING

Elke direksielid het 'n spesiale verpligting teenoor Leeuwenhof Akademie ("die skool"), mede-direksieledede en lede van die Pro Liberis maatskappy.

Hierdie Gedragskode ("die Kode") stel 'n kode daar vir direksieledede. Die Kode word op die internet geplaas, is publieke kennis en word onderskryf deur direksieledede wat diens doen vir die skool en Pro Liberis maatskappy. Die Kode vervang nie die statutêre verpligtinge wat op direkteure van maatskappye geplaas word nie en moet gelees word saam met die bepalings van die Maatskappyyewet.

Die onderliggende doel van die Kode is 'n verpligting op direkteure om in die belang van die skool op te tree en om te verhoed dat eie belang voorkeur kry in potensiële konflik van belange.

DEEL 1

BEPALINGS VAN DIE KODE WAT OOR DIE ALGEMEEN OP DIREKSIELEDE EN ONDERWYSERS VAN TOEPASSING IS

1. Direksieledede moet geen persoon of instansie 'n guns bewys wat nie in soortgelyke omstandighede aan enige ander persoon of instansie bewys sou word nie.
2. Direksieledede en onderwysers moet hulle dit ten doel stel om die vertroue van die lede van die maatskappy asook die algemene publiek in die integriteit van die skool te versterk en uit te bou; derhalwe moet hul gedrag en optrede in amptelike sowel as privaat sake ten alle tye onberispelik wees en moet hulle gedurig op hul hoede wees dat niks wat hulle doen of sê moontlik die indruk mag skep dat hulle by die uitvoering van hul pligte beïnvloed mag word nie.
3. Direksieledede of onderwysers mag geen vertroulike inligting wat hulle van ampsweë bekom vir persoonlike gewin of die persoonlike gewin van enigiemand anders aanwend nie en mag hulle sodanige vertroulike inligting ook nie openbaar maak nie.
4. Dit is noodsaaklik dat direksieledede en onderwysers in die gees van hierdie kode optree en dat botsings tussen amptelike pligte en persoonlike belange voorkom moet word.

5. Waar 'n direksielid of onderwyser in amptelike hoedanigheid aan 'n beslissing deelneem en dit mettertyd duidelik word dat sy persoonlike belange regstreeks of onregstreeks met die saak gemoeid is, moet hy hom dadelik onttrek. In hierdie verband geld die volgende reëls:
- (i) Alvorens 'n direksielid of onderwyser aan enige amptelike verrigting deelneem moet hy sorgvuldig oorweeg of hy enige regstreekse of onregstreekse persoonlike belang by die aangeleentheid het. As hy van mening is dat hy wel die een of die ander belang het wat in die gedrang mag kom, moet hy nie aan die verrigtinge deelneem nie.
 - (ii) Waar daar enige twyfel bestaan of deelname aan die verrigtinge eties korrek sou wees al dan nie, moet van deelname afgesien word.
 - (iii) Al bestaan daar by 'n direksielid of onderwyser geen twyfel dat hy in 'n aanhangige saak met volkome onpartydigheid sal kan optree nie, is dit nogtans sy plig om te oorweeg hoe 'n objektiewe buitestaander oor sy deelname sou voel en of dit nie moontlik is dat 'n redelike persoon wat met al die feite vertrou is, miskien tot 'n ander gevolgtrekking sal kom nie.
 - (iv) Direksielede en onderwysers kan die toelaatbaarheid van enige voorgenome handeling toets deur hulself af te vra of 'n deurtastende bespreking van die voorgenome stappe, in die openbaar, vir hulle 'n verleentheid sou wees al dan nie.
6. Die verhouding tussen direksielede onderling moet getuig van wedersydse agting en respek vir mekaar se standpunte en hul optrede moet die skool nie in diskrediet bring nie.

DEEL 11

DIREKSIELEDE EN HUL VERHOUDING TEENOOR LEDE VAN DIE MAATSKAPPY

1. Die uitvoerende hoofde en hulle adjunkte is uitsluitlik gemoeid met die administrasie van die skool, skoolaangeleenthede en die dag tot dag bedryf van die skool.
2. Die uitvoerende hoofde doen verantwoording aan die direksielede vir alle aspekte wat verband hou met administrasie van die skool.
3. Direksielede se primêre doel is om die Pro Liberis maatskappy te bestuur, beleid te formuleer en rigting te gee aan die uitvoerende hoofde en hulle adjunkte.

4. Direksieledede mag nie betrokke raak by enige administratiewe aangeleenthede, daagslikes funksionering van die skool of enige aspek wat binne die omvang van die uitvoerende hoofde se take val nie.
5. Direksieledede onderneem om die voorgestelde protokol wat op elke ouer van toepassing is na te kom indien daar enige aspek is wat sy eie kind aanraak.
6. Direksieledede onderneem om Pro Liberis maatskappy by te staan op direksievlak deur sy pligte en opdragte as direksielid stiptelik uit te voer, vergaderings by te woon en om die forum van direksievergaderings te beperk tot amptelike sake van Pro Liberis maatskappy.
7. Daar word van direksieledede verwag om ten minste 80% van vergaderings by te woon. Elke direksielid stem toe dat besonderhede van sy bywoning van vergaderings publiek gemaak word indien die voorsitter van die direksie sou besluit om dit publiek te maak.
8. Geen direksielid kan Pro Liberis maatskappy verteenwoordig nie.
9. Die uitvoerende hoof en die voorsitter van die direksie het magte om namens Pro Liberis maatskappy te onderhandel en kontrakte te sluit, met dien verstande dat die direksie daardie magte mag inperk, uitbrei en ander direksieledede spesifiek magtig om Pro Liberis maatskappy te verteenwoordig.
10. Verskille in interpretasie oor die skool se beleid, prosesse of administrasie daarvan moet eers met die uitvoerende hoof en mede-direksieledede geopper word voordat 'n direksielid sy mening lig teenoor ouers en/of onderwysers.
11. Die inhoud van direksievergaderings se besprekings bly konfidensieel en die enigste amptelike rekord van die vergadering is die goedgekeurde notule geneem tydens 'n direksievergadering.

DEEL III

DIREKSIELEDE EN HUL VERHOUDING TEENoor ONDERWYSERS

1. As individu beskik 'n direksielid oor geen uitvoerende mag nie en kan hy derhalwe nie opdragte aan onderwysers gee nie.
2. Navrae deur 'n direksielid aan 'n ouer moet verkieslik deur die hoof van die skool hanteer word indien sulke navrae aspekte aanraak wat die direksielid se posisie *vis a vis* die onderwyser mag affekteer.
3. 'n Direksielid het geen buitengewone voorregte en/of magte teenoor 'n onderwyser nie.

4. 'n Direksielid mag nie sy invloed gebruik om die uitvoerende hoofde, hulle adjunkte of onderwyses op 'n onbehoorlike wyse te beïnvloed nie.
5. In alle omstandighede moet direksieledede verseker dat alvorens daar oor 'n saak besluit word wat 'n spesifieke onderwyser raak, dat dit met die uitvoerende hoof en hoofde bespreek word.
6. Navrae oor skoolsake wat 'n direksielid se kind raak moet aan die uitvoerende hoof gerig word.
7. Die verhouding van die individuele direksieledede tot die onderwysers bly dié van skoolouer tot onderwyser en nie dié van werkgewer tot werknemer nie. Direksieledede moet altyd hul bes doen om onderlinge vertroue en agting vir mekaar onder hulle mede-direksieledede en onderwysers te bevorder en mag geen onderwyser in die verleentheid gebring of verneder word nie. Hulle moet ook nie probeer om agter 'n onderwyser te skuil wanneer 'n besluit van die direksie skeefgeloop het nie, selfs nie as die besluit voortgespruit het uit 'n aanbeveling wat die hoof na aanleiding van advies van die betrokke onderwyser, gemaak het nie. Besluitneming berus by die direksie en dit staan die direksie vry om enige aanbeveling van 'n onderwyser na goëddunke te aanvaar, te wysig of van die hand te wys.
8. Sover moontlik moet 'n persoon wat getroud is met 'n onderwyser of in 'n spesiale verhouding met 'n onderwyser staan, nie op die direksie dien nie. Hierdie beginsel is nie absoluut nie, maar daar word van gades van personeellede versoek om 'n potensiele konflik in hierdie verband te probeer voorkom.
9. 'n Direksielid mag nie namens die direksie 'n opinie uitspreek, 'n mening toedig of 'n spreekbuis wees vir die direksie nie, tensy amptelik deur die direksie gemagtig.
10. Wanneer 'n onderwyser n besluit moet neem uit hoofde van diskresionêre bevoegtheid wat aan hom verleen is of wanneer hy in die loop van sy gewone pligte aan 'n komitee, of die direksie verslag moet doen, mag geen direksielid probeer om die besluit of die verslag van die onderwyser op 'n onbehoorlike wyse te beïnvloed terwyl die aangeleentheid oorweeg, of die verslag opgestel word nie.
11. Direksieledede moet nie met onderwysers onderhandel oor hul eie persoonlike, professionele of besigheidsbelange nie, derhalwe soos enige lid van die maatskappy dit normaalweg sou doen.

DEEL IV

DIE ONDERWYSER EN SY VERHOUDING TOT DIE DIREKSIE EN INDIVIDUELE LEDE VAN DIE MAATSKAPPY

1. Die onderwyser is 'n werknemer van Pro Liberis maatskappy en nie 'n werknemer van die direksie nie.
2. Die onderwyser is verantwoordelik vir die daaglikse onderwysaangeleenthede van die skool.
3. Die uitvoerende hoof en hoofde moet ook aanbevelings ten opsigte van beleid maak, maar tensy spesifiek daartoe gemagtig, mag hul nie selfstandig oor beleid beslis nie.
4. Dit is die funksie van die direksie om beleid te bepaal en daarna is dit die plig van die uitvoerende hoof, hoofde, adjunkte en die onderwysers om sodanige beleid uit te voer.
5. Die uitvoerende hoof moet direksielede van alle redelike inligting voorsien wat hulle vir hul werk mag benodig.
4. Op 'n direksievergadering het die uitvoerende hoof en hoofde of hul benoemde verteenwoordiger as *ex officio* lid die reg om sy mening oor enige saak onder beskouing voor die vergadering te lê en waar daar oor 'n saak besluit moet word, kan 'n onderwyser die uitvoerende hoof versoek om seker te maak dat eersgenoemde se sienswyse ook aan die direksie oorgedra word.
6. 'n Onderwyser is nie verplig om opdragte van individuele direksielede uit te voer nie en sover dit 'n direksielid se persoonlike sake betref behoort 'n onderwyser hom op presies dieselfde manier te behandel as wat hy 'n gewone lid van die maatskappy sou behandel.
7. Wanneer 'n onderwyser oor enige aangeleentheid verslag moet doen of 'n besluit moet neem, mag hy nie toelaat dat 'n direksielid of enige ander belanghebbende instansie sy verslag of besluit enigsins onbehoorlik beïnvloed nie.
8. Tydens 'n direksieverkiezing mag geen onderwyser vir of teen 'n kandidaat stemme werf of andersins aktief aan sodanige verkiesing deelneem nie, ongeag of sodanige kandidaat in sittende bestuursraadslid is al dan nie
9. Geen onderwyser mag in sy private hoedanigheid werk doen of met enige saak of onderneming geassosieer wees, indien sodanige werk of assosiasie nie met die behoorlike nakoming van sy amptelike pligte versoen kan word nie en daar die moontlikheid bestaan dat sodanige assosiasie sy werk kan benadeel.
10. 'n Onderwyser in diens van die skool mag nie die direksie of direksielede in die openbaar kritiseer, of andersins op so 'n wyse optree dat afbreuk gedoen word aan die goeie naam van die skool nie.

DEEL V

DIE ONDERWYSER EN SY VERHOUDING TOT LEDE VAN DIE MAATSKAPPY EN DIE PUBLIEK

Benewens die ander toepaslike bepalings van hierdie kode:

1. Moet elke onderwyser wanneer hy met 'n lid van die maatskappy of van die publiek te doen kry, homself as 'n skakelbeampte beskou wat die goeie naam van die skool moet hoog hou. In sy amptelike optrede moet hy die hoogste morele standaard handhaaf en sy pligte getrou vervul ongeag enige persoonlike gevoelens of beskouings, en hy moet deurgaans die belange van die skool eerste stel. In beide amptelike en private sake moet die onderwyser se gedrag onberispelik wees.
2. Dit is ook die onderwyser se plig om lede van die maatskappy en die algemene publiek so ver doenlik behulpsaam te wees in aangeleenthede wat met die skool verband hou en moet hy sy bes doen om te verseker dat hulle altyd behoorlike aandag geniet en hoflik behandel word.

DEEL VI

OORTREDING VAN DIE GEDRAGSKODE

1. Indien direksielede hierdie gedragskode oortree, word daar van elke rolspeler verwag om die oortreding aan die direksie voorsitter voor te lê wie, in sy of haar goeie denke die aspek met die betrokke direksielid sal opneem en bespreek. Indien die oortreding ernstig van aard is, is dit bevoeg dat die voorsitter daardie oortreding onder die aandag van die direksie bring.
 2. Indien 'n direksielid skuldig bevind word van 'n oortreding word daar verwag om, in gepaste omstandighede, dissiplinêre stappe teen die direksielid te neem, in welke stappe die direksielid versoek kan word om uit sy/haar amp te bedank, alternatiewelik enige van die remedies te volg soos uiteengesit in die Maatskappywet, 71 van 2008.
 3. Vir sover as wat hierdie beleid ook 'n verpligting op onderwysers plaas, kan die oortreding van hierdie beleid lei tot dissiplinêre stappe teen die onderwyser, welke stappe deur die skool geregleer word.
-